

LITS SA

Oorplaatjies, registrasies verpligtend met dié stelsel

INLIGTING oor die werk wat gedoen word deur die onderskeie aandeelhouders in die lewendehawe-identifikasie en -naspeurbaarheidstelsel van Suid-Afrika is op 'n vergadering van die Lits SA-komitee verduidelik.

Daar is onder meer duidelik gemaak dat mense wat vee aanhou, hul onderneming sal moet registreer en ook registreer as iemand wat vee aanhou.

Daar sal van boere verwag word om amptelike oorplaatjies en oorplaatjie-toediensers te koop, en om regstreeks of deur middel van derdeparty-diensverskaffers op 'n databasis te registreer.

Die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling sal dit in sekere gevalle oorweeg om oorplaatjies te subsidieer as daar genoeg geld beskikbaar is. Dit is die departement se doelwit om oorplaatjies vir boere in die beheerde sones vir bek-en-klouseer wat onder groot risiko is, te koop of te subsidieer.

Lits SA beveel aan dat 'n amptelike radio-frekwensie-identifiseringsplaatjie gebruik word om diere te identifiseer. Die plaatjienommer moet eiesoortig wees en net vir een leeftyd geldig wees. As dit vervang word, moet dit op die databasis aangedui word. Die oorplaatjies sal aan een ontwerp voldoen en gestandaardiseerde amptelike inligting bevat. Die oorplaatjie moet peutervry wees, maklik om aan te bring, goed bewaar bly en ontwerp wees om vir 'n leeftyd te hou. Die verpligte primêre oorplaatjie moet in die linkeroor wees soos wat die dier van agter beskou word en die sekondêre (nie-verpligte bestuursplaatjie en/of die hoë frekwensie-bestuursplaatjie) moet in die regteroor wees. Die verpligte oorplaatjie moet deur Icar (International Committee for Animal Recording) getoets en goedgekeur wees.

Mense wat vee aanhou, sal moet toesien dat hul hanteringsgeriewe in 'n goeie toestand is. Hulle sal kennis moet gee wanneer diere op of van hul plaas verskuif word, kennis moet gee as 'n dier vrek of op die plaas geslag word, en kennis moet gee wanneer beeste verlore raak. Alle voorgeskrewe rekords wat van gemerkte diere vereis word, moet bygehou word. Sover dit die registrasie van vestigings en vee-eienaars betref, is die volgende van belang:

- Kartering van vestigings is uiters belangrik en sluit in die plekke waar vee aangehou,

vervoer of geslag word.

- Die registrasie van die aantal diersoorte wat aangehou word.
- Instandhouding op wyks-, munisipale, distriks- en provinsiale vlak.
- Die toewysing van eiesoortige identiteitsnummers aan persele.
- Registrasie van alle vee-eienaars.

Dr. Michael Bradfield, onafhanklike Lits SA-koördineerder, het op die vergadering gesê die komitee beveel aan dat die merk en registrasie van beeste eerste bevorder word in die provinsies waar bek-en-klouseer voorkom, asook in die kommunale gebiede van Limpopo, KwaZulu-Natal en Mpumalanga.

Hy het gesê Lits SA is van mening dat alle primêre en sekondêre veeproducente tot die instandhouding en verbetering van die Lits SA-stelsel moet bydra. Hoewel die staat se begroting beperk is, het hy die databasis gefinansier, terwyl die moontlikheid van skenkergeld ondersoek word.

Die dienstarief behoort op 'n gebruikersbetaal-grondslag te wees, terwyl 'n persentasie van die waarde van alle verkope van oorplaatjies en moontlik 'n klein persentasie per karkas tot die werking en finansiering van die sentrale databasis sal bydra deur middel van 'n heffing op elke dier wat geslag word. Die strategiese plan vir die primêre en sekondêre veebedryf word tans deur die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) as 'n voorgestelde finansieringsmeganisme tussen die bedryf en die departement ontwikkel, en is dus 'n gesamentlike poging.

Dr. Mariëtta Bronkhorst van die departement het gesê die naspeurbaarheidstelsel sal ondersteuning met die bekamping van siektes bied. Volgens haar sal dit 'n bydrae tot voortgesette siektebestryding, asook die verklaring van vryheid van siektes lewer. In die geval van die voorkoms van bek-en-klouseer is dit belangrik dat die departement weet hoeveel beeste in en om die besmette gebiede is.

Dit is ook belangrik om te bepaal waarheen die beeste van betrokke plekke in die vorige 28 dae gegaan het, asook om te weet

van waar af die besmette beeste in die vorige 28 dae gekom het. Sover die veilings betref, sal 'n naspeurbaarheidstelsel onthul wie met wie kontak gehad het en waar hulle nou is. Lits SA kan dus 'n groot rol speel om beheeraksies te bespoedig.

Dr. Kudakwashe Magwedere van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het gesê dit sal 'n paar jaar duur voor die geïntegreerde Lits SA-stelsel ten volle toegepas gaan word. Die volgende fase sal in werking tree sodra die uitkomst van die vorige fases geëvalueer is.

Só lyk Lits SA se sakeplan:

Fase 1: Die huidige identifikasieselsel gaan voort.

Fase 2: Lits SA word ontwikkel en in werking gestel gegrond op bestaande wetgewing en behels individuele identifikasie en naspeurbaarheid.

Fase 3: Lits SA word ingestel op aangepaste wetgewing en moderne metodes van diere-identifikasie. Dit behels individuele en groep-identifikasie en naspeurbaarheid.

Magwedere het gesê die belangrikste aspekte van dieresiekte-naspeurbaarheid is produksertifikasie, 'n vinnige reaksie op siekte-uitbrekings, 'n afname in die tydperk waartydens markbedrywighede ontwig word, en die ondersteuning van biosekerheidsbestuur van die sone wat vry van bek-en-klouseer is. Op dié manier word marktoegang van vee en veeprodukte beskerm, openbare gesondheidsrisiko's bestuur en daar is paraatheid wanneer dieresiektes uitbreek.

Mnr. Willie Clack, voorsitter van die Lits SA-komitee, het die probleme van die verskillende wette wat in die proses van naspeurbaarheid nagekom moet word, toegelig. Hy het ook beklemtoon dat samewerking tussen die departement en die bedryf uiters belangrik is. Naspeurbaarheid is 'n ingewikkelde proses wat die hele waardeketting insluit. **LBW**

Die Lits SA-komitee bestaan uit verteenwoordigers van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, asook lede van die primêre en sekondêre rooivleisbedryf. Mnr. Willie Clack is voorsitter van die komitee, asook van die subkomitee wat met wetgewing gemoeid is. Dr. Kudakwashe Magwedere is die voorsitter van die subkomitee belas met die databasis en toestelle, terwyl dr. Mike Modisane die voorsitter van die toepassingskomitee is.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za